# Les 16 JESUS CHRISTUS MAAK DIE BELOFTES VAN 'N KONING WAT VIR ALTYD SAL REGEER EN ONVERVANGBAAR IS, VIR HOMSELF WAAR

Die sleutels vir hierdie beloftes is die woorde "altyd" en "onvervangbaar". "Altyd" beteken sonder ophou, en "onvervangbaar" beteken net een persoon, niemand anders nie. Saam is dit dus net een koning wat vir altyd sal regeer en deur niemand anders vervang kan word nie.

## 1. **'n Seun wat vir altyd sal regeer**

In die Dawidsbelofte onderneem God dat Dawid se eie seun vir altyd sal regeer.

Kom ons lees weer die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7:

*"[8] Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige:* ***Ek het*** *jou agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers. [9] Oral waar jy gegaan het,* ***was Ek*** *by jou; al jou vyande* ***het Ek*** *voor jou oë uitgedelg.* ***Ek het*** *jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde. [10]* ***Ek het*** *'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen [11] toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie.* ***Ek sal*** *jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir 'n koningshuis gaan vestig. [12] Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus,* ***sal Ek*** *een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. [13]* ***Hy sal*** *vir my Naam 'n huis bou, en* ***Ek sal*** *sy koningskap vir altyd laat voortbestaan. [14]* ***Ek sal*** *vir hom 'n vader wees en Hy sal vir my 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty. [15]Maar my trou* ***sal Ek*** *nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie. [16]Jou koningshuis en jou koningskap* ***sal*** *vir altyd voortbestaan. Jou troon* ***sal*** *altyd voortbestaan. [17]Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra."*

Kyk na verse 13 en 17! God beloof dat hierdie seun van Dawid se koningskap vir altyd sal voortbestaan. Dit word op 'n paar maniere gesê: sy koningshuis, sy koningskap en sy troon sal vir altyd voortbestaan.

Hierdie belofte het dus twee dele: die een belofte is 'n koning wat nie vervang gaan word nie, en die ander is die tydperk van sy koningskap. Koningskap is die reg en die vermoë om te regeer. Net hierdie seun van Dawid sal die regering oor die kerk van God en die lidmate ontvang vir altyd – niemand anders nie.

## 2. **Jesus is die persoon wat hierdie belofte van God ontvang**

Lukas vertel vir ons dat die engel Gabriël aangekondig het dat Jesus die persoon is wat hierdie belofte van God ontvang het, in Lukas 1:

*" [31] Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee.*
*[32] Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom*

*die troon van sy voorvader Dawid gee,* [33] *en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."*

Wie is die persoon wat gebore gaan word volgens hierdie aankondiging? Dit is Jesus.

Watter belofte word aan Hom gemaak? Kyk na verse 32 en 33! Waar kry ons hierdie beloftes in die Ou Testament? Dit is verse 13 en 17 van die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7!

Volgens die getuienis van Lukas is Jesus dus die persoon wat hierdie koningskap van die Vader ontvang.

**3. <u>Jesus moet ŉ mens wees wat vir altyd kan leef</u>**

Jesus is gebore uit sy ma, Maria. Hy is ŉ gewone mens van vleis en bloed, net soos ons: met ŉ menslike liggaam, ŉ menslike siel en ŉ menslike gees. Jesus het ook gegroei, ouer en groter geword.

Om die Dawidsbelofte te kan ontvang en waarmaak, moet Jesus as mens egter vir altyd kan leef. Dit is tog die belofte! Een van Dawid se seuns sal vir altyd regeer. Dit beteken hy moet vir altyd mens kan wees.

Hoe kan Hy as Dawid se kleinseun dan vir altyd regeer en vir altyd ŉ koning wees?

**4. <u>Jesus maak die Dawidsbelofte waar deur uit die dood uit op te staan</u>**

Lukas berig twee preke: die apostel Petrus se eerste preek op Pinksterdag, en ŉ preek van die apostel Paulus op sy eerste sendingreis in die gebied wat vandag as Turkye bekend staan.

Kom ons lees die preke en kyk hoe Jesus die Dawidsbeloftes waarmaak!

**Petrus se preek op Pinkstersondag:**

Hand. 2: *"* [23] *God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak.* [24] *Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. ...* [29] *Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons.* [30] *Maar hy was ŉ profeet en hy het geweet dat God met ŉ eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit.* [31] *Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie en sy liggaam het nie vergaan nie.* [32] *God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.* [33] *Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit wat julle nou sien en hoor.* [34] *Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand* [35]

*totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.* [36] *Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"*

**Preekbespreking**:

a. In vers 24 sê Petrus dat God Jesus uit die dood laat opstaan het. Dit beteken dat Jesus na sy dood die Vrydag aan die kruis, weer die Sondag oggend lewend geword het. Hy was weer mens van vleis en bloed – net soos ons.

b. Hoekom het die Vader Jesus uit die dood laat opstaan? Kyk na vers 30! God het met ŉ eed belowe dat een van Dawid se nakomelinge op sy troon sou sit. Hierdie nakomeling moet vir altyd kan leef, want hy moet vir altyd koning wees. Dit is die Dawidsbelofte oor ŉ koning wat altyd sal regeer.

c. Daarom het Jesus uit die dood opgestaan om vir altyd te kan leef en nooit weer te kan sterf nie: om die belofte van ŉ ewige koningskap te kan ontvang.

Jesus maak dus vir Homself die belofte om vir altyd koning te wees waar, deur uit die dood op te staan.

**Paulus se sendingpreek in Antiogië:**

Handelinge 13: *"*[29] *Nadat hulle aan Jesus alles gedoen het wat van hom in die Skrif geskrywe staan, is Hy van die kruis afgehaal en begrawe.* [30] *Maar God het Hom uit die dood opgewek.* [31] *Hy het in die loop van baie dae aan die mense verskyn wat saam met hom van Galilea af na Jerusalem toe gegaan het. Hierdie mense is nou sy getuies by die volk.* [32] *"En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders* [33] *vir ons, hulle nageslag vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan. So staan daar geskrywe: Jy is my Seun, vandag het Ek aan jou die lewe gegee.* [34] *God het Hom uit die dood laat opstaan, en daarom sal Hy nooit vergaan nie. Dit het God met die volgende woorde gesê: Ek sal vir julle die heilige en betroubare beloftes vervul wat Ek aan Dawid gesê het.* [35] *Daarom sê God ook op ŉ ander plek: U sal nooit toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.* [36] *En volgens die besluit van God het Dawid tog gesterwe nadat hy die mense van sy tyd gedien het. Hy is by sy voorvaders begrawe en sy liggaam het vergaan.* [37] *Maar Jesus se liggaam het nie vergaan nie; God het Hom uit die dood opgewek."*

**Preekbespreking:**

a. Jesus het Vrydagmiddag doodgegaan en Hy is begrawe.

b. Sondagoggend het God die Vader Jesus as mens weer uit die dood lewend gemaak.

c. Kyk na vers 34! Omdat Jesus uit die dood weer lewend geword het, is Hy vandag nog steeds ŉ gewone mens – maar met ŉ baie groot verskil – Hy kan nie weer doodgaan en vergaan nie. Hy leef nou vir altyd as ŉ mens in die hemel.

d. Kyk na vers 37! Jesus se liggaam as mens het nie na sy dood vergaan nie. Sy liggaam leef en bestaan vandag, 2000 jaar later, nog steeds! Hy is nog steeds ŉ kleinkind van Dawid.

e. Wat beteken dit? Die boodskap volgens verse 33 en 24 is dat God op hierdie wyse die beloftes aan Dawid waargemaak het: een van Dawid se eie seuns sal altyd en onvervangbaar koning wees oor die kerk van die Here.

**5. <u>Jesus is God by ons terwyl Hy mens in die hemel is</u>**

Kom ons lees ŉ ander teks wat vir ons wys Jesus is vir altyd en onvervangbaar Here.

Matteus 1:20 tot 23: *"Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar ŉ engel van die Here in ŉ droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. 21 Sy sal ŉ Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus[a] noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." 22 Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: 23 Die maagd sal swanger word en ŉ Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem" [b] Die naam beteken God by ons."*

a. In hierdie teks sien ons Jesus is Dawid se kleinseun. Waar? Wat noem die engel sy pa? Sy pa word "seun van Dawid" genoem. Só, Jesus is ook seun van Dawid.

b. Maar Jesus word ook iets anders genoem: Immanuel. Hierdie naam beteken God by ons. Jesus is dus nie net ŉ mens in die hemel nie. Hy is ook terselfdertyd God by ons hier op aarde.

**6. <u>Die Seun van Dawid moet God by ons wees om ons vir altyd en onvervangbaar te kan regeer</u>**

ŉ Mens wat in die hemel is, se plek op aarde is leeg. ŉ Mens wat weggegaan na die hemel toe, is nie vir altyd by ons nie en sy plek gaan gou-gou deur iemand anders ingeneem word. As Jesus net ŉ mens in die hemel is – dan help dit ons nie baie op aarde nie. Hier op die aarde moet ons lewe regeer word en hier op die aarde het ons God se leiding, wysheid, vrede en mag nodig.

Kyk wat leer die prediker Jesaja ons van die Seun van Dawid. In Jesaja 7 vers 14 kry ons die belofte van ŉ seun:

*"Die Here sal daarom self vir julle ŉ teken gee: ŉ Jong vrou sal swanger word en ŉ seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."*

In Jesaja 9 word hierdie seun só beskryf:

*"5 Vir ons is ŉ Seun gebore, aan ons is ŉ Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. 6 Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy*

*koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here sorg."*

a. Die Seun is die Seun van Dawid. Daarom sal Hy op Dawid se troon sit volgens vers 6.

b. Maar kyk wat word hierdie Seun genoem: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Hy word so genoem, want volgens hierdie vers is die Seun self God.

c. Omdat Hy God is, bring Hy vrede en voorspoed vir altyd en hou Hy sy koningskap in stand – vir altyd.

Jesus is Immanuel. Hy is God by ons terwyl Hy mens in die hemel is. Omdat Hy God by ons is, is sy koningskap vir altyd en kan dit ook nie vervang word deur iemand anders nie. Niemand anders as net God, kan God by ons wees nie.

### 7. <u>Afgodery soek kort-kort nuwe plaasvervangers in die plek van die Here</u>

In afgodery werk die beloftes dat God altyd ons Here is en dat Hy altyd by ons is, nie.

#### 7.1 <u>Mense wat Jesus in jou lewe vervang</u>

In les 13 het ons gesien wat is 'n model van Jesus. Dit is mense wat glo dat hulle God in húlle lewe aan ander mense uitbeeld. Hulle wil graag hê dat jy Jesus in hulle moet raaksien en belewe.

Nou kan ons sien wat hulle graag wil wees: hulle wil graag die Here se verteenwoordigers wees.

Wat is 'n verteenwoordiger?

Dit is iemand wat optree in die plek van 'n ander wat nie self kan kom of daarwees nie. As die president van 'n land nie self na die buiteland kan gaan nie, dan stuur hy 'n verteenwoordiger. Dit is iemand wat hom in sy afwesigheid verteenwoordig.

Mense wat Jesus by ander mense wil verteenwoordig, leef met hierdie afgodery in hulle harte: hulle glo dat hulle die Here in sy afwesigheid – verteenwoordig.

#### 7.2 <u>Twee maniere om die Here weg te glo</u>

Dit gebeur op twee maniere.

**a. Hulle glo nie Jesus is altyd en onvervangbaar 'n mens nie**

Julle kan dit maar toets! Almal wat God by mense wil verteenwoordig, glo nie dat Jesus vir altyd en onvervangbaar 'n mens in die hemel is nie. Hulle sien hulleself as

die mense wat God menslik moet laat lyk op aarde. Hulle vat Jesus se plek as mens by ons weg.

**b. Hulle glo nie die Here is God vir altyd by sondaars nie**

Modelle vir God glo dat God net naby mense is wat goed lewe, die Here se wet onderhou en spesiaal kan bid. Hulle glo God is ver en weg uit mense se lewe wat sonde doen.

Kan een van ons ooit sê dat ons vir ʼn dag, of self is ʼn uur of ʼn halfuur, nie sonde gedoen het nie? Volgens modelle vir Jesus, is ons dan ver van God af. Hy is nie meer God by ons nie.

Hulle glo God is naby hulle omdat hulle vol is van God se lewe en krag en daarom kan hulle God naby ons bring as hulle naby ons kom: hulle maak vriende met ons en wil saam met ons lewe, sodat hulle God naby ons kan bring.

So vat hulle die Here se plek wat altyd God by ons is: ook as ons sonde doen, nie bid nie en nie volgens die wette van die Here leef nie.

**7.3 <u>Afgodery moet herleef, opleef en vernuwe</u>**

Omdat die Here altyd mens in die hemel en altyd God by ons is – is Hy onvervangbaar. Niemand kan hierdie plek van die Here vat of verteenwoordig nie. Niemand anders as die Here Jesus kan mens in die hemel wees én God by ons as sondaars op aarde wees nie. Daarom is en bly die Here altyd dieselfde by ons. Hy is vir altyd.

Mense wat die Here wil verteenwoordig, is nie vir altyd en onvervangbaar nie. Hulle word oud en gaan dood – Jesus nie. Hulle trek weg – Jesus nie. Hulle raak onbetrokke by ons – Jesus nie. Hulle planne, raad, krag, ondersteuning en bystand raak op en uitgedien – anders as Jesus, wat volgens Jesaja vir altyd is. Om op te maak vir hierdie oud, op en wegraak – beoefen hulle ʼn godsdiens van herlewing, oplewing en vernuwing. Elke keer as hulle oud en op raak, dan moet daar ʼn herlewing en vernuwing plaasvind.

Dit is wanneer nuwe verteenwoordigers van God by die oues oorneem. Hulle glo dat God elke keer met so ʼn vernuwing, herlewing of oplewing, weer naby kom en ons dan weer in sy krag en lewe – wat intussen weggeraak het – deel kry.

**8. <u>Jesus Here en Christus vir altyd – onvervangbaar</u>**

Jesus maak die belofte van Dawid waar: Hy is altyd en onvervangbaar Here in ons lewe. Hy het uit die dood opgestaan en leef vir altyd as mens in die hemel. Hy is altyd God by ons in ons sonde, en by ons sondaars is Hy vir ons: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

## 9. <u>Oefening</u>

1. Lees weer Hand. 13:29 – 37 en Jesaja 9:5 en 6 en kyk hoe wys hierdie dele dat Jesus altyd mens in die hemel, en altyd God by ons is.

2. Ken jy mense wat graag jou vriend wil wees omdat hulle God naby jou wil bring?